

Redaksie

Ds. E. Viljoen, Bellville
eviljoen7@ahsamil.co.za
Dr. C. Saayman, Tafelberg
saay@hantam.co.za

Medewerker

Ds. J. van der Linden, Johannesburg
johannesvanderlinden@yahoo.com

INHOUDS OPGAWE

Die Gebed van Jabes

...1

God red nie gelowiges nie

...4

Hulle wat hierdie Naam aanroep

...5

Geslagsregister wat hoop gee

...7

Kosbare genade

...7

Die Gebed van Jabes

GJ Meijer

1 Kronieke 4:9-10

“En Jabes was meer geëerd as sy broers; en sy moeder het hom Jabes genoem en gesê: Ek het met smart gebaar. En Jabes het die God van Israel aangeroep en gesê: As U my ryklik seën en my grondgebied vermeerder en u hand met my sal wees en U die onheil afweer, sodat geen smart my tref nie! En God het laat kom wat hy begeer het”.

Enkele jare gelede is ‘n boek uitgegee met die titel Jabes se gebed. In Amerika is 4 miljoen eksemplare van dié boek verkoop. Hier plaaslik is die Afrikaanse vertaling ook in groot getalle opgeraap. Die skrywer, dr Bruce Wilkinson, sê in die voorwoord wat sy mikpunt met die boek is: “Ek wil jou leer hoe om ‘n waagmoedige gebed te bid wat God altyd verhoor”. Hy noem in die boek dat duisende gelowiges wat hierdie gebed daagliks bid, gereeld wonderwerke sien gebeur. Jy moet net die woorde van Jabes se gebed elke dag presies nasê, dan sal jy sien watter positiewe gevolge dit vir jou inhou. Jabes se gebed is die bloudruk vir ‘n geseënde lewe, want Jabes het die regte formule gevind om God se seën te verkry - so beweer die skrywer.

As ons hierdie dinge hoor, tel ons gereformeerde voelhorings vibrasies op wat nie gesond is nie. Leer God ons werklik om ‘n waagmoedige gebed te bid wat altyd deur Hom verhoor word? Wat dan van die bede in die Onse Vader: Laat u wil geskied? Wat van Paulus wat gesmeek het dat die doring uit sy vlees verwyder moet word - maar dit is nie; God se genade was vir hom genoeg. Is dit so dat ‘n mens ‘n gebed - selfs die Onse Vader - elke dag soos ‘n rymplek kan opsê, en jy sal sekerlik geseën word? Wat van Christus se waarskuwing dat ons die Vader nie met ‘n ydele, ondeurdagte herhaling van woorde moet belas nie?

So kan ons die vroe opstapel. Tog bly ten minste een positiewe saak staan. Die aandag word op ‘n uitnemende Skrifdeel gevestig wat vir vele Bybelleesers minder bekend is, indien nie totaal onbekend nie.

Die aanleiding tot Jabes se gebed

1 Kronieke 4:9 en 10 maak deel uit van 'n ellelange geslagsregister wat strek vanaf 1 Kronieke 1 tot by 1 Kronieke 9. Dit is waarskynlik die rede waarom Jabes se gebed so onbekend is, want ons neig om geslagsregisters oor te slaan as ons Bybel lees. Eintlik word die lang ry name onderbreek met die paar opmerkings wat oor Jabes gemaak word. Die verse wat aan verse 9 en 10 voorafgaan, is tipiese geslagsregister-taal. Kos was die vader van Anub en Hassobeba en van die geslagte van Aharhel, die seun van Harum. In die verse wat op die teks volg, weerklink dieselfde taal. En Kelub, die broer van Suha, was die vader van Mehir; hy is die vader van Eston.

Maar nou Jabes. Daar word niks gesê van wie sy pa was nie. Daar word ook geen melding gemaak van wie sy seuns was nie. Net dit: Jabes was meer geëerd as sy broers. En sy moeder het hom Jabes genoem en gesê: Ek het met smart gebaar.

Wat maak die HERE met hierdie enkele pennestreek oor Jabes se lewe aan ons bekend? Op die oog af nie baie nie. Maar tog - as ons mooi luister, heelwat. Eintlik klink dit wat hier opgeteken staan, teenstrydig. Jabes was meer geëerd as sy broers. Hy het 'n uitnemende posisie in sy familie gehad. En dit, terwyl sy ma hom Jabes genoem het. Jabes beteken "droog". Droogte is 'n teken van ellende, swaarkry. Met sy geboorte het sy ma dus nie veel goeds vir klein Jabes in die vooruitsig gehad nie. Sy sien net donker nag vir hom voorlê. Wat dit betref sluit haar woorde aan by dié van Jakob se vrou Ragel. Met die geboorte van haar laaste seun het sy op sterwe gelê en gesê: noem hom Ben-Oni - seun van my smart. Maar Jakob het die kind Benjamin genoem - seun van die regterhand. Die verskil is beduidend.

Jabes se naam is egter nie verander nie. Wat meer is: Sy ma het ook gesê waarom sy hom Jabes noem. Want "ek het met smart gebaar". Wát die smart was, weet ons nie. Dit maak die HERE nie bekend nie. Dat die smart gróót was, is duidelik waarneembaar. En dat die smart waarna Jabes se ma verwys, 'n diep betekenis het, staan ook bo alle twyfel vas. Reeds in Genesis 3 is daar sprake van smart.

Die HERE het ná die sondeval vir Eva gesê: Ek sal jou moeite en jou swangerskap grootliks vermeerder; met smart sal jy kinders baar. Jabes se ma neem hierdie woorde uit Genesis 3:16 so te sê onveranderd oor. Op sigself is dit nie vreemd nie. Die smart van Genesis 3:16 is deel van ons gebroke bestaan. Elke vrou wat 'n kind in die wêreld bring, kan daarvan getuig. Wat wel vreemd aan die uitspraak van Jabes se ma is, is dat sy slegs die helfte van die HERE se woord aanhaal.

Het God nie ook gesê dat daar 'n einde gaan kom aan al die smarte nie? Uit Eva, wat met moeite gaan kinders baar, sal daar uiteindelik 'n Seun gebore word. Dié Seun gaan die kop van die slang vermorsel - en die mensdom van alle smart, alle hartseer en ellende en pyn verlos.

Op dié Seun wag die sugtende skepping met reikhalssende verlange. Die verbondsvolk Israel wag in besonder. Want hulle is God se uitverkore volk. Uit hulle moet die Messias voortkom. Meer in besonder: uit die geslag van Juda. Dit het die gryse vader Jakob op sy sterfbed geprofeteer - Genesis 49: "Juda, jy is dit! Die septer sal van Juda nie wyk nie, nóg die veldheerstaf tussen sy voete uit totdat Silo kom. En aan Hom sal die volke gehoorsaam wees".

Juda is die koningstam in Israel. Vrouens uit die stam van Juda het dus in 'n sekere sin 'n meer bevoorregte posisie as vrouens van die ander stamme van Israel. Maar Jabes se ma?

Leer God ons werklik om 'n waagmoedige gebed te bid wat altyd deur Hom verhoor word?

Sy sien by die geboorte van haar seun niks van al hierdie dinge raak nie. Sy is 'n moeder in Israel, 'n vrou in die koningstam van Juda. Maar sy noem haar kind Jabes, "droog". Sy het geen uitsig op die toekoms nie. Van koninklikheid is daar geen sprake nie. Hoekom nie? Omdat sy slegs op 'n gedeelte van die verlede bou. Sy haal die smartwoorde uit Genesis 3 aan, maar sy verswyg die oorwinningslied van die moederbelofte. Sy staan stil by God se regverdige verbondsoordele, maar sy praat geen woord oor God se verbondsgenade nie. En so verloor sy visie. Haar suiwer geloofsperspektief is daarmee heen. Sy is nie met blydskap op pad na die koms van die Messias toe nie; intendeel, sy is weggesink in 'n bodemlose put van menslike ellende. Let op wat die HERE hier aan ons bekend maak. Ons het te doen met verbondskinders van God. Moeder en kind mag geniet van God se verbondsoorg. Hulle leef op die verbondserf, waar die verbondswet sekuriteit gee. Die toekoms lê oop voor. Maar die geloofskrag ontbreek. By hoeveel christene is dit nie geval nie? Ons is ryker as Jabes en sy ma, baie ryker. Die eerste koms van die Messias is verlede tyd. Kersfees lê agter ons. Christus se wederkoms is op pad. Ons dra sy erenaam: christen. Ons geniet van sy verlossingswerk. Ons leef uit die heerlike

Jesus had to call out Lazarus by name - for if He hadn't, all the dead would have come out of their graves!

- Augustine

wete dat Christus die oorsaak van ons ewige honger en kommer weggeneem het toe Hy vir ons sondes gesterf het. Ons weet ook dat Hy ons tydelike bestaan op die hart dra. Om sy ontwil sal daar sonder die wil van ons hemelse Vader geen haar van ons kop val nie. Christus lei ons deur sy Woord en Gees. Ons word van alle kante omring deur genade. Ons kan in Suid-Afrika met groot moed bly leef. Want ons weet dat die jare van ons lewe jare is wat God skenk.

Maar hoeveel christene hef nie op die oomblik 'n smartlied aan nie? Daar word gefokus op alles wat verkeerd is, alles wat ons nie het nie, alles wat anders is as wat ons begeer. Ure word omgedink en omgepraat oor hoe sleg dit by die werk en in die onderwys en in die land gaan. Morge se sorg word voorsien. Die hartseer is: die negatiewe denke en gepratery werk aansteeklik. Murmurerende ouers voed murmurerende kinders op. Jabes moes sy negatiewe naam lewenslank saam met hom dra. Negatiwiteit van die een verwek negatiwiteit by ander. 'n Mens beland in 'n bouse maalkolk. Waar gaan dit eindig?

Die inhoud van Jabes se gebed

“En Jabes het die God van Israel aangeroep”. Ons kan ook vertaal: Máár Jabes het die God van Israel aangeroep – 'n duidelike teenstelling. Jabes se moeder roep haar nood uit. Maar Jabes self roep die almagtige God aan: God van hemel en aarde, God van alle sienlike en onsienlike dinge, God van Adam en Eva, God van die moederbelofte, God van Abraham, Isak en Jakob, God van die verbondsvolk Israel. En luister wát bid Jabes.

Die toekoms lê oop voor. Maar die geloofskrag ontbreek. By hoeveel christene is dit nie geval nie?

Sy gebed begin met die woordjie “as”. Hy lê 'n gelofte af - soos Jakob in Genesis 28. As God met my sal wees om my te bewaar ... dan sal ek 'n huis van God bou, en aan God my tiendes gee - dit was Jakob se gelofte. Jabes kom nie by 'n “dan” uit nie. In daardie opsig sny sy gebed nog dieper as Jakob se gelofte. Laat ons hoor wat Jabes bid, dan word die diepte van sy smeking vanself duidelik. Hy vra vier dinge: As U my met seëninge seën; as U my grondgebied vermeerder; as U hand met my sal wees; as U die onheil afweer, sodat geen smart my tref nie. Die laaste deel van die versoek is besonder veelseggend. “Sodat geen smart my tref nie” - dit staan lynreg teenoor die naam wat hy dra

en dit wat sy ma met sy geboorte gesê het. Hy wat Jabes is, is van kleins af seun van smarte. Nou bid hy: God van Israel, weer die onheil van my af weg, sodat geen smart my tref nie.

Waarop kom Jabes se gebed dus neer? Hy verset hom teen sy ma se uitsigloosheid. Sy gebed getuig van geloof in die God van Israel. Hy hou vas aan God se héle verbondswoord en nie net die helfte nie. Dit blyk te meer uit die ander drie dinge waarvoor hy vra. Seën my met u seëninge, vermeerder my grondgebied, laat U hand met my wees - dit is alles beloftes wat God reeds aan Abraham toegesê het (Genesis 12). En God het dit by monde van die sterwende Jakob aan Juda bevestig (Genesis 49). Jabes beroep hom op God se verbondswoord. As U hierdie dinge waarvoor ek vra gee, o God van Israel, dan weet ek dat U u verbond in stand hou. Dan sien ek hoe die moederbelofte van Genesis 3 in vervulling gaan.

Jabes se ma het hierdie visie op die verbond gemis. Jabes self leef daarby. Dit is sy krag te midde van moeilike omstandighede. En tegelyk sy lewensuitkyk. Sy versoek om deur die HERE geseën te word, sy bede vir vermeerdering van grondgebied en vir bewaring is nie uit egoïsme gebore nie. Dit gaan nie vir Jabes daaroor dat hy maar net aangenaam moet leef terwyl ander mense krepeer van ellende nie. Jabes is met sy gebed op die koms van Christus gefokus. Die dinge waarvoor hy vra, moet bydra tot Christus se koms in die vlees. Hoe kan die Verlosser kom as daar geen grondgebied vir Juda is nie, as daar geen seën van God op Juda rus nie, as God sy bewarende hand nie oor hulle uitstrek nie? In hierdie opsig is Jabes se gebed in lyn met die “Onse Vader”. Christus leer ons bid: Gee ons elke dag ons daaglikse brood, vergeef ons ons skulde, lei ons nie in versoeking nie. Dit alles bid ons nie om onself te behaag nie. Ons bid dit sodat die Vader se Naam geheilig mag word, sodat ons kan diensbaar wees in sy koninkryk, sodat sy wil in ons lewens kan geskied. Moet ons vandag Jabes se gebed soos 'n towerformule bid, met die verwagting dat God ons voorspoedig sal maak? Glad nie. Wie dit doen, verstaan nie die geheim van Jabes se gebed nie. Ons moet vir baie meer as Jabes bid. Want Jabes bid na Christus toe. Ons bid van Christus uit. Dit beteken: Ons moet bid dat Christus se verlossingswerk kan deurwerk in hierdie wêreld. Ons moenie net bid vir seën in die huis, vir geseënde uitbreiding in die besigheid en 'n goeie jaar in die skool en op universiteit nie. Ons moet bid dat God ons in dit alles sal seën sodat ons 'n seën vir mense om ons kan wees - met die oog op die uitbreiding van God se koninkryk.

Sovele christene is uiters selfsugtig in hulle geloofslewe. Solank hulle 'n redelik aangename lewe op aarde het en weet dat hulle hemel toe gaan, is hulle tevrede.

Juis hy is swak in sy eie oë, wat sterk is in sy roep tot sy God

– K Schilder

Die aandag is op die eie ek gefokus. Jabes leer ons anders. Ons ontvang sodat ons sal gee - die aandag fokus weg van die eie ek. Christenskap eis offers. Finansiële offers vir die kerk en die uitbreiding van God se Woord in die koninkryk. Maar baie meer nog manne- en vrouekrag offers. Aktiewe christenskap word gewys in betrokkenheid by die gemeenskap van gelowiges, voorbidding, meelewing, uitdra van die evangelie, hulp aan mense in nood. Ons moenie dink: Wat sal ander doen om uit te reik nie. Die vraag moet wees: Waar en hoe gaan ék in my omgewing my offer bring?

Die hartseer is: die negatiewe denke en gepratery werk aansteeklik. Murmurerende ouers voed murmurerende kinders op

Jabes se gebed word verhoor

“... En God het laat kom wat hy begeer het”. Daarmee sluit 1 Kronieke 4:10 af. Jabes se gebed word verhoor. Ook al was sy ma sonder hoop en uitsig, het Jabes gekry waarvoor hy gevra het. Hy was meer geëerd as sy broers – teen alle menslike verwagtinge in. Hy ontvang alles wat hy nodig het om diensbaar aan die koms van Christus te wees. Die smart waarvoor sy ma gevrees het, tref hom nie. Die God van Israel stel hom in staat om sy offers te bring. Gebedsverhoring - dit is ‘n Godswonder. Bygesê: ‘n ondeurgrondelike Godswonder. Die skrywer van die boekie Jabes se gebed het die ondeurgrondelikheid probeer deurgrond – en misgetas. God gee nie altyd soos ons vra nie - dit weet ons maar al te goed. God gee wel soos wat ons nodig het om aan Hom diensbaar te wees. So kan God genesing van siekte gee - of nie. Hy kan welvaart gee - of nie. Hy gee soos dit Hom behaag. En dit wat Hom behaag is nie willekeurig nie. God behaag die goeie vir ons, sy kinders. Dit behaag Hom om hierdie wêreld na die eindoordeel te lei, en sy uitverkore kinders tot Hom te neem.

Dit wat God behaag, moet ons grootste begeerte wees. Dan sal die slot van 1 Kronieke 4:10 ook altyd vir ons van toepassing wees. Die hemelse Vader sal laat kom wat sy kind begeer. Solank ons begeertes, ons nuwejaarplanne, ons wense en ideale in sy verbondswoord gegrond en op Hom, die troue Verbondsgod, gerig is.

(Uit: *Waarheid en Dwaling, Jr 8, nr 1*)

God red nie gelowiges nie

C Saayman

Wat dink jy van die stelling: “God red nie gelowiges nie...” Dit klink darem baie verkeerd. Red God dan nie *juis* gelowiges nie? Red Hy dan nie ‘n mens omdat jy glo nie? Red Hy nie ‘n mens op grond van die geloof nie?

Romeine 5:4 slaan die boom onder ons uit. Die Apostel sê prontuit: “**God regverdig die goddeloses**”. God red ons dus *terwyl* ons nog totaal goddeloos is. Hy regverdig ons *in* ons goddeloosheid. Dit het op Golgotha gebeur. Dáár het Hy ons rekening skoongevee. God die Vader het letterlik *al* ons sondes in die bedompige graf van Jesus laat agterbly nadat Hy opgestaan het. Dit het Hy gedoen *terwyl* ons nog goddeloos was. Hy het dit gedoen voordat ons kon glo. Dit is só verbasingwekkend dat dit amper ongelooflik is.

Die kerkgeskiedenis wys vir ons hoe moeilik dit nog altyd vir mense was om dit net te glo. Dink hoe het Luther geworstel om net sy hand uit te steek en dankie te sê. Maar, toe hy eers gesnap het God hom gered het *in* sy goddeloosheid en hy glo dit, toe het blydschap en dankbaarheid en toewyding in sy siel ingestroom.

Ons hoef nie éers in onself ‘n goeie rede te vind waarom God ons moet begenadig nie. Dan sal ons altyd onseker bly en nooit tot rus kom nie. Stel jouself voor Paulus sou in Rom. 4:5 gesê het: “ God regverdig die *vromes*” – wanneer sal ek dan nou ooit genoeg vroom wees? OF: “God regverdig die *gelowiges*” – hoe gaan ek my geloof sterk genoeg kry, ek wankel dan so dikwels?! OF: “God regverdig die wat *genoeg sondebeseft* het” - Wanneer is genoeg? Hoelank moet ek worstel?

Nee, God plaas Jesus se volpunte bo-aan *ons* vraestel. **1 Korintiërs 1:30** - “**Jesus het vir ons geword die vrypraak, verlossing en heiliging.**” Wanneer? Toe Jesus gesterf het en opgestaan het. **2 Korintiërs 5:21** - “**God het Hóm (dit is Jesus) wat geen sonde gehad het nie, vir ons sonde gemaak sodat ons in Jesus kan word: die geregtigheid van God.**” En wanneer *ervaar* ek dit persoonlik? Wanneer ek dit glo en my tot Hom bekeer. **1 Johannes 5:10** – ***aanvaar God se getuienis dat Hy aan my die ewige lewe in Sy Seun gegee het. (eie parafrase).*** Hy red jou SODAT jy kan glo, SODAT jy kan regkom, SODAT jy jou sondes kan bely, SODAT jy toegewyd kan word. En nie OMDAT jy dit is nie. Die *waarde* van jou geloof tel dus geen punte nie. Dit is slegs die manier waardeur jy Jesus se volpunte aanneem.

Our professed love for the gospel is the measure of
sacrifice we are prepared to make in order to help its
progress

– RP Martin

Maar *waarom* kan ons goeie werke (bv geloof) dan nie vir ons punte tel (of net 'n bietjie punte tel) nie? Waarom kan ons beste goedjies nie die toets deurstaan by die Here nie? Waarom het SLEGS Jesus se kruisdood en opstanding ons gered? Werk dit dan nie so dat Jesus *aanvul* waar ons tekortskiet nie? Ons doen ons bes en Hy doen die res?

God red ons dus *terwyl* ons nog totaal goddeloos is. Hy regverdig ons *in* ons goddeloosheid.

Nee, want *dit* wat voor 'n heilige God wil slaag, moet 100% *perfek* wees. Onthou: ons het met GOD te doen!! Slegs volmaaktheid slaag voor Hom. En ons beste werke is nog steeds onvolmaak. Jesaja 64:4. Veral **Galasiërs 3:10: "daar rus 'n vloek op elkeen wat nie stiptelik alles doen wat in die boek van die Wet geskryf is nie."**

Somtyds dink ons die Here sal ons straf oor ons slegte sondes. Maar weet jy dat Hy, as Hy ons dan so graag wou straf, sommer ons beste werke kan neem en ons *daarvoor* straf! So heilig is Hy. Al wat by God kan slaag is Sy eie Seun Jesus Christus se verdienste. As ons roem, mag ons net in Hom roem. Dit is hoe 'n ware geloof praat.

Hulle wat hierdie Naam aanroep...

E Viljoen

Bid ons tot Jesus of deur Jesus? Die vraag kan misleidend eenvoudig klink... Agter hierdie vraag lê 'n hele bondel implikasies vir ons geloof, ons gebed en ons hele liturgie as gemeente. Die antwoord op hierdie vraag raak die hart van ons Christelike geloof. Dit raak ons verstaan van Jesus Christus as die Seun van God wat mens geword het. Anders gesê – die plek wat aan Christus in ons gebede gegee word, is 'n uitdrukking van hoe ons God ken. Dit is 'n aanduiding van ons verhouding met God wat mens geword het.

...terwyl hulle God geprys het

Dag vir dag het hulle eendragtig volhard in die tempel, ...terwyl hulle God geprys het en in guns was by die hele volk. Só beskryf Lukas in die tweede deel van sy

vertelling (Handelinge) wat kenmerkend was vir die gemeente van Jesus Christus kort na sy hemelvaart (Hand. 2:46-47). Die wat hulle in geloof oorgegee het aan Jesus Christus, het glad nie verslap in die gebed tot God in die tempel nie.

Hulle was juis "in guns by die hele volk". Dit is nogal veelseggend! Christene wat nie ewe skielik 'n ander God aanbid as die enige Here van Israel nie! Hierdie Christene het God in hul gebed steeds geprys in die tempel. Hierdie gebed tot God het steeds in die tempel gebeur. Geen Israëliet sou kon dink dat die volgelinge van Jesus van Nasaret 'n ander God in gebed aanroep en prys nie. Terwyl Petrus in die tronk was, het aanhoudende gebede tot hierdie God deur die gemeente vir hom opgegaan (Hand. 12:5).

...hulle wat U Naam aanroep

Intussen het alles tog nie ongestoord aangegaan nie. Daar was 'n baie ywerige aanbieder van God, wat tog onrustig geword het oor die gebede van die volgelinge van Jesus. Hulle kom nou wel steeds in die tempel vir hulle gebede. Tog het daar iets verander. Hulle het God aanbid, maar hierdie God is Jesus. Dít het Saulus (later Paulus) baie goed raakgesien. Hy het volmag van die owerpriester gekry om almal wat Jesus se Naam aanroep, gevange te neem (Hand. 9:14).

Trouens, die manier waarop Christene geken en genoem was, is juis hulle wat "die Naam van Jesus aanroep". Só spreek dieselfde Paulus, wat eers die Christene gevange geneem het vir hulle gebede wat tot Christus gerig was, later die gemeente in Korinthe op hierdie manier aan: "...aan die gemeente van God wat in Korinthe is, aan die geheiligdes in Christus Jesus...saam met almal wat die Naam van onse Here Jesus Christus in elke plek aanroep..." (1 Kor. 1:2). Hulle wat deur God in Christus geheilig is, is tegelyk hulle wat die Naam van ons Here Jesus Christus aanroep. En dit gebeur nie meer net in die tempel in Jerusalem deur Jode wat tot geloof gekom het nie. Hierdie gebede tot Christus word "op elke plek" gebid! Timotheüs word deur Paulus aangemoedig om in sy werk as medewerker in die uitdra van die evangelie homself beproef voor God te stel. As Timotheüs 'n werker wil wees wat hom nie hoef te skaam nie, dan moet hy 'n rein lewe najaag in gemeenskap met hulle wat daardeur gekenmerk word dat hulle die Here (Jesus) uit 'n rein hart aanroep (2 Tim. 2 : 22). Almal wat Hom aanroep, mag deel in die groot genade van God. Daar is werklik geen onderskeid meer nie. Dit word nog in soveel woorde geskryf aan 'n gemeente wat vir ten minste 'n groot deel bestaan het uit gelowiges met 'n nie-Joodse afkoms. Die gelowiges in Rome mag weet dat hulle glad nie tweederangse lede van die volk van die

Solank as wat 'n singende kerk 'n singende jeug het, mag die geloof die beste verwag

– J Kamphuis

Here is nie. Dieselfde Here is Here van almal en is ook ryk met sy genade “oor almal wat Hom aanroep” (Rom. 10:12).

Jesus as Here regstreeks aanroep

Die aanroep van die Naam van Christus in gebed (gesamentlik of individueel) is een van die handelsmerke van Christen-wees. Dit is wat gelowige Jode en nie-Jode onderskei het van Jode wat Jesus as Messias verwerp het. Die belofte van die profeet Joël was: “Elkeen wat die Naam van die Here aanroep, sal gered word” (Joël 2:32). Sonder enige huiwering is dit deur die apostel Paulus na sy ontmoeting met die verheerlikte Christus toegepas op gebede wat gerig is tot hierdie Jesus. Daar is verlossing vir hulle wat Christus as Here aanroep (Rom. 10:13)!

Hoe die gebed regstreeks tot Jesus ‘n plek gevind het in die eerste gemeente, sien ons in die gebed van Stefanus wanneer hy gestenig word oor sy getuïenis oor Jesus. Stefanus sien Christus in die hemel wanneer hy sy oë opslaan na die hemel. Daar sien hy die heerlikheid van God en Jesus wat staan aan die regterhand van God. Daaroor getuig hy teenoor die verharde Jode: “Kyk, ek sien die hemele geopend en die Seun van die mens aan die regterhand van God staan. Alle klem is op Jesus wat op die troon van God staan as mens! Hý is die Een wat aangeroop word. Hý en God is werklik een. Israel mag weet die Here ons God is een Here.

Dit is juis hierdie getuïenis oor Jesus wat as Seun van die mens op die troon van God staan wat die Jode hulle ore laat toedruk en skreeu en soos een man op Stefanus afstorm. Wanneer hulle hom dan buite die stad sleep en begin stenig, doen Stefanus wat die kenmerkende is vir die Christene. Hy roep die Here aan. Hy bid tot die Here. En wie is hierdie “Here”? Hy bid: “Here Jesus, ontvang my gees!” (Hand. 8:55-60).

Die plek wat aan Christus in ons gebede gegee word, is ‘n uitdrukking van hoe ons God ken

Dit is hierdie getuïenis oor en gebed tot die Seun van die mens op God se troon, waarvan Saulus ‘n toeskouer was terwyl Stefanus gestenig word (Hand. 8:58). Trouens, Stefanus se getuïenis oor Jesus as die een wat as Seun van die mens op God se troon is, word verseël wanneer hy sterwende nog weer tot Jesus bid: “Here, reken hulle hierdie sonde nie toe nie”. En hierdie gebed word heel konkreet verhoor deur die Seun van die mens, wanneer Hy vir Saulus op pad na Damaskus as

Here van die heerlikheid van God ontmoet. Saulus wil hulle vervolg wat hulle gebede tot Jesus van Nasaret bid. Maar Saulus die ywerige Fariseër word self een wat die Naam van Christus aanroep en selfs sy “ontydige” apostel en getuie!

Die Here en sy Gesalfde

Moet ons die gebed tot God die Vader heel skerp onderskei van gebed waarin Christus aangeroop word? Dit lyk tog asof die gebed tot God en die seun van die mens probleemloos met mekaar geïntegreer is. Nadat Petrus en Johannes voor die Joodse Raad verskyn het na aanleiding van die genesing van die verlamde man in die Naam van Jesus (!) , word hulle uiteindelik na talle waarskuwings om nie in die Naam van Jesus te spreek of te leer nie, losgelaat. Wanneer hulle dan weer in aanbidding verenig word met die res van die gemeente, gaan daar van hulle almal saam ‘n hartlike lofgebed op na die troon van God (Hand. 4:24-30).

Hulle aanbid God as die skepper van hemel en aarde, die see en alles wat daarin is. Hulle bring in herinnering die woorde van Dawid wat getuig van die opstand teen die Here en sy Gesalfde. Hierdie God wat alles gemaak het, het nou weer sy hand uitgesteek na mense om tekens, wonders en genesings te doen. En dit gebeur baie spesifiek deur die Naam van God se “heilige kind Jesus” (Hand. 4:30). Dan bid die gemeente saam. Tot wie? Die Here? Sy gesalfde? Dit word nie gesê nie. Dit is ook nie nodig nie! Die Here en sy Gesalfde is een Here. En wanneer die Here só aangeroop word in gebed, word hulle almal vervul met die Heilige Gees (Hand. 4:31)!

Daar het ons God, Vader, Seun en Heilige Gees teenwoordig en werkend, waar daar ‘n eendragtige gebed opgestuur word tot ons een Here deur wie ons is en bestaan. Is dit nie ‘n alternatiewe uitvinding van die kerk wat gebede nie meer tot Christus of die Gees rig of wil rig nie? Word gebede werklik net tot die Vader gerig deur Jesus as Middelaar in die krag van die Gees? Kan ons nie in gebed uitroep: “Kom, Skepper-Gees!” nie? Gebed tot ons een Here is die belangrike saak en daarin wil ons juis deur ons gebed tot die Seun van die mens ons duidelik onderskei van hulle wat Jesus nie as die gesalfde van God wil erken nie. Ons gebede tot die Gees is noodsaaklik om Hom as ons Here te erken wat veel meer as net ‘n krag is wat van God uitgaan. Hy is self Here en word saam met die Vader en die Seun aanbid (Geloofsbelydenis van Nicea). Ons hoef hier geen kunsmatige kompartimentering aan te bring en byna ‘n angstigheid hê wanneer ons bid nie. Laat ons bid!

In sy verbond gee God die brood as verbondsgeskenk (as gawe van sy guns en blyk van sy guns) voordat die mens daarvoor gewerk het

– MJC Blok

Geslagsregister wat hoop gee

C Saayman

Min van ons sal seker verkies om aan die geslagsregisters in die Bybel prioriteit te gee in ons persoonlike Bybelstudie of prediking. Dink byvoorbeeld aan ons Here Jesus se geslagsregister in Matteus 1. Oënskynlik net 'n klompie name. Kritiese teoloë is ook gou om aan te toon watter “foute” daar in dié lys voorkom. Van naderby beskou blyk egter die wonderlike wyse waarop die Gees vir Matteus gelei het om die geslagslys juis só neer te skryf soos dit in Matteus 1 staan, want die lys verkondig God se vrye genade wat hoop gee aan sondaars. Dit sien 'n mens wanneer jy sien wíe se name daar staan – gekoppel met die Heiland self. Name soos: Tamar, Ragab, Rut, Batseba. Ja, ook Abraham, Dawid en Maria – Jesus se moeder. Nie een van hierdie mense was bo-gemiddeld vroom nie. Tewens, hulle was almal sondaars wat dit allermins verdien het dat Jesus uit hulle sou voortkom. Die feit dat God hulle ingesluit het, getuig van Sy ondeurgrondelike guns en juis dít gee hoop!

Maria was net 'n gewone jong vrou. In teenstelling met wat beweer word - naamlik dat sy sonder erfsonde gebore is - was sy 'n sondaar wat 'n Verlosser nodig gehad het. Só bely sy self in Lukas 1: 46-47: “my siel juig in God my Verlosser”. Dieselfde geld vir Abraham en Dawid. Dit mag wees dat ons geneig is om hulle tot 'n status van verhewe vroomheid te verhef, maar die Skrif doen dit nie. Die Bybel praat heel openlik van Abraham se vrees en lafhartigheid en sy gebrek aan vertroue op God (Gen 12: 11-19, 20: 1-18). Dieselfde geld vir Dawid se owerspel, moord en leuens. Ons weet ook troebel sy familielewe was – klaarblyklik omdat Dawid nie dissipline uitgeoefen het nie. Hy het immers stil gebly toe Amnon vir Tamar verkrag het en dit het daartoe gelei dat Absalom vir Amnon vermoor het.

Van naderby beskou blyk egter die wonderlike wyse waarop die Gees vir Matteus gelei het om die geslagslys juis só neer te skryf ... want die lys verkondig God se vrye genade wat hoop gee aan sondaars

Die opneem van die name van Tamar, Ragab, Rut en Batseba in Christus se geslagsregister, sorg egter vir die

grootste verrassing. Nooit sou menslike logika hulle insluit nie. Tamar was Juda se Kanaänitiese skoondogter. Sy kon nie 'n kind hê nie en het haar skuldig gemaak aan prostitusie en bloedskanie. Sy het haar eie skoonpa verlei deur haar as prostituut te vermom. Daaruit is die tweeling Peres en Sera gebore en só het sy en Peres saam met Juda deel geword van Jesus se geslagslyn. Ook Ragab was 'n prostituut van beroep en daarby 'n heiden (nie-Jood). Sy het uiteindelik die moeder van Dawid se oupagrootjie geword. Rut was 'n Moabiet met geen reg om met 'n Israeliet te trou nie. God het haar egter in die huisgesin van Israel gebring en deur haar huwelik met Boas het sy Dawid se ouma geword. Die vierde is Batseba, wat die Messiaanse lyn betree het deur owerspel met Dawid. Hul tweede seun was Salomo, deur wie God die Messiaanse linie voortgesit het. Verbysterende genade. Hoe ánders sou menslike logika Jesus se voorgeslag bedink het! Pleks daarvan dat Matteus 1 menslike “onjuisthede” bevat, is dit juis 'n getuigenis van die geïnspireerde Woord van God wat daarvan getuig dat Jesus nie vir gesonde mense gekom het nie, maar om sondaars te red.

Kosbare genade

J van der Linden

Hoeveel waarde het die genade van God vir u? Word dit deur u hanteer as iets kosbaars, as iets waarvan ons elke kleinste bietjie ten volle moet benut? Word daar versigtig en baie noukeurig met hierdie genade gewerk?

Verniet

God gee sy genade *verniet*. Hy gee dit omdat Hy ons so liefhet.

Sommer so.

Omdat Hy wil.

Omdat óns ellende God se ontferming en genade oproep. Dink maar aan Jes 55. Daar sien ons hoe Jesaja dit net skielik uitroep: “O almal wat dors het, kom na die waters; en wie geen geld het nie, kom, koop en eet. Ja, kom, koop sonder geld en sonder prys, wyn en melk!”. En dan is dit nie die volk se *bekering* wat hierdie roep by God wakker gemaak het nie, maar die volk se *ellende* in ballingskap wat God se hart geraak het. So word dit ook sigbaar as God se vrye genade! Daar is niks van hierdie genade wat u self kan betaal nie. Niks van hierdie genade is 'n reaksie op u prestasie nie. En toe: kom sonder geld.

O it is a living, busy, active mighty thing, this faith. It does not ask whether good works are to be done, but before the question is asked, it has already done this

– M Luther

Kom koop, kom ontvang. Vrylik beskikbaar! U mag steeds ontvang.

As daar in ons wêreld iets verniet uitgedeel word, dan het dit meestal ook nie groot waarde nie. Die beskikbaarheid of die tekort van 'n voorwerp bepaal so ongeveer hoe waardevol dit is. So het *mense* waarde begin bepaal.

Is dit hoe dit ondertussen ook by ons en in die kerk van Christus geword het? Die feit dat hierdie genade *verniet* uitgedeel word aan u, bepaal *dit* vir u die waarde van die genade? Dit is vrylik beskikbaar, en daarom nie so kosbaar nie?

Dit is *God* wat duur betaal het sodat die genade verniet uitgedeel kan word...

Oorvloedig

Ja, die genade is ook oorvloedig. God is op geen manier suinig met sy genade nie. Die beelde wat God in die Skrif gebruik, getuig van hierdie oorvloedigheid.

Dink maar aan die rivier wat in die Godstad gevind word. In 'n stad wat in werklikheid maar net kanale gehad het, kan daar tog gepraat word van 'n *rivier* (Ps 46:5). Hierdie selfde rivier vind ons ook in Ese 47: 'n rivier so diep dat niemand daardeur kan swem nie.

Sulke verrassende beelde van oorvloedigheid in die Skrif. Net so vind ons dit ook by die Here Jesus. By 'n put waarna mense elke dag 'n hele ent moes stap om water te haal, sê Hy: "Die lewende water wat Ek jou gee, sal in jou word soos 'n fontein van water wat opspring nie?" (Joh 4:14). Niks word teruggehou nie. God se oop hand. Die hemelsluise gaan oop!

Genade sonder prys. Maar ook: Genade sonder grense. In 'n *woestynland* leef God se volk van 'n oorvloedige *rivier*.

In 'n wêreld van ellende leef God se volk van sy genadige goedheid.

Die opvallende van bogenoemde Bybelse beelde is dat God dit (onder andere) koppel aan die lewe in sy kerk. Gaan lees maar hierdie gedeeltes in sy konteks. En dit hoef ons nie te verbaas nie. So het ons tog geleer om na die kerk van Christus te kyk? Die kerk is by uitstek: huis van genade. Die kerk roep dit uit: Hier woon sondaars wat leef van God se genade. Hier word genade uitgedeel sonder dat daar eers vooraf vrae gevra word. Hier is geen vereistes, geen voorwaardes *voordat* die genade uitgedeel word nie. Ek mag in die kerk gaan sit en ontvang op grond van dit wat ek *nie* verdien nie. So roep die kerk dit uit: hierdie is 'n huis van genade. En dit doen sy veral deur haar prediking vanaf die kansel. In die prediking moet sigbaar word dat dit God is wat

Hier is geen vereistes, geen voorwaardes *voordat* die genade uitgedeel word nie. Ek mag in die kerk gaan sit en ontvang op grond van dit wat ek *nie* verdien nie.

So roep die kerk dit uit: hierdie is 'n huis van genade. En dit doen sy veral deur haar prediking vanaf die kansel. In die prediking moet sigbaar word dat dit God is wat besig is om sy stroom van genade na ons toe te bring, of dit nou in die vorm van vertroosting, vermaning of bemoediging is.

Uiteindelik lê die kerk se hele liturgie en lewe in die lyn van God se eerste woorde aan ons op 'n Sondag: "Genade vir julle, en vrede..."

Die feit dat hierdie genade *verniet* uitgedeel word aan u, bepaal *dit* vir u die waarde van die genade?

Kosbaar

Die geheim van God se genade vind ons in die kruisdood van Sy Seun. Daar is duur betaal vir hierdie genade. Die hoogste moontlike prys is daarvoor betaal. Die waardevolste ding in hemel en op aarde is daarvoor oorgegee: die bloed van onse Here Jesus Christus!

Die waarde van hierdie genade wat u so gereeld verniet ontvang, dit word nie bepaal deur die feit dat dit oorvloedig beskikbaar is nie. In God se kerk en koninkryk word waarde anders gemeet as in die wêreld. Genade se waarde kan alleen bepaal word vanuit wat God daarvoor betaal het! Dit is dan ook die erns waarmee God na ons toe kom as Hy sy genade uitdeel. Dit is tegelyk ook die erns van kerkwees. Hoe ontsettend word God nie gespot deur die wêreld omdat daar soveel christene is wat die genade goedkoop gemaak het, nie. 'n Ligsinnige lewensstyl – alles mag, alles kan – sonder dat daar enigsins gevra en gesoek word na die diepsinnigheid van God se genade.

Juis in die lewe van God se kinders en in die lewe van sy kerk sal moet *sigbaar* word hoe kosbaar God se genade is. Juis by ons sal moet sigbaar wees dat ons *weet* hoe duur daar vir hierdie genade betaal is. So ken ons dit tog?

Die goedkoop genade soek die lewe van Christus vir hom – maar gee nie sy eie lewe oor aan Christus nie.

Dit soek 'n evangelie – vertroosting, verryking – sonder om werklik ook aan Christus en sy weg en wet gebind te wil word.

Dit soek die rykdom van kindwees by Vader – sonder om in sy huis te wil bly.

What can the world give you without Jesus? His absence is hell; his presence, paradise

– Augustine

Goedkoop genade is net om te wil kom hoor hoe God “JA” sê vir my – sonder dat ek ook begin om “NEE” te sê vir die wêreld.

Goedkoop genade:

Dit is wanneer Hy kom om my te verlos van die wêreld – en ek aanhou om my oor te gee, my totaal te verlustig in die wêreld.

Goedkoop genade is om te wil hoor hoe God vergewe en barmhartig is – sonder dat dit my bring tot skuldbelydenis en bekering.

Goedkoop genade:

Dit is wanneer God my waardig ag om te ontmoet in Sy huis – maar ek wegbly van eredienste.

In ‘n woestynland leef God se volk van ‘n oorvloedige rivier.

Dit is om die magtige en heerlike stem van God te mag hoor in Sy huis – en dit dan nie eers waardig ag vir ‘n verdere oorweging op ‘n later tydstep nie.

Goedkoop genade is om te hoor hoe Christus vir my diensknege geword het – en waar ek dan self ‘n meester wil bly.

Goedkoop genade is wanneer Hy in alles die Vader van my kinders wil wees - maar ek in my ouerskap nie by Hom wil begin nie.

Goedkoop genade is om *oor* God te praat – sonder dat ek *met* God praat.

Goedkoop genade is wanneer ek geen oomblik meer stilstaan by hoe kosbaar God my geag het – dat Hy bereid was om die bloed van sy eie Seun vir my te betaal.

En so sal ons dit natuurlik ook kan omdraai. So kan ons van *kosbare* genade sê:

Dit is om alles te verkoop – sodat ek hierdie skat in die akker kan ontvang.

Dit is om my oog uit te ruk, my arm af te kap – as dit hierdie genade op die spel sou plaas.

Kosbare genade:

Dit is om *sonder ophou* te bly soek - te bly klop - te bly vra *omdat* God oorvloedig skenk.

Kosbare genade is om die liefde van God te antwoord.

Kosbare genade is om God se weg met my en vir my te omhels.

Kosbare genade is om die oorvloedige genade ook oorvloedig te gebruik.

Kosbare genade... dit is om na Christus te vlug – sodat Hy die genade in my lewe kosbaar sal maak!

Slot

Hoe duidelik hierdie genade ook al *verniet* aan u gegee word, en hoe *oorvloedig* dit ook al na u toe kom, met die bloed van Christus moet ons altyd *suinig* wees.

Hoe groot en hoe heerlik word die taak van onderlinge vermaning nou in die kerk van Christus!

With Him, we have all things;
Without Him all the things we have amount to nothing
-LJ Ogilvie